Maak vrede met die Here en jou naaste.

Teks: 1 Samuel 26: 1 - 25
Teksvers: 1 Samuel 26:19

1. Inleiding

Wanneer ons hierdie tweede fase van die grendelstaat ingaan raak mense rustiger. Miskien het ons almal nog in die eerste fase, geskarrel en gehardloop. Maar nou is die eienaardigheid, aan so iets wat ons nog nooit beleef het nie, bietjie verby. Dit is ook juis wat dit 'n lang tyd maak. Baie tyd het verloop vandat ons laas ander mense gesien het. En miskien is dit juis nou dat ons bietjie nadink oor ons verhoudings met ander mense.

In ons teksgedeelte is Dawid ook heeltemal buite sy gemaksone. Hy is 'n voortvlugtende, en uit ons teksgedeelte is dit duidelik dat Hy nie verniet 'n voortvlugtende is nie. Koning Saul is agter hom aan en wil hom doodmaak. Maar dan soos in hoofstuk 24, kry Dawid die geleentheid om Saul se lewe te beëindig. Hy word eintlik 'n die geleentheid gegun om sy eie probleem op te los. Miskien deur die Here self. Ons sien tog duidelik in vers 12 dat die Here 'n diepe slaap oor Saul en sy manskappe gebring het.

Maar dan soos in hoofstuk 24 doen Dawid dit nie. Hy vermoor nie vir Saul nie, selfs al sou dit so maklik wees. Nee hy het eerder 'n duidelik vraag aan Saul. Hierdie vraag vorm vers 19, wat ook ons teksvers vandag is. Het ons al in ongemaklike slegte verhoudings, miskien hierdie vraag van vers 19 gevra. Stel ons belang om die vrede in ons verhouding met ons naaste te soek. Of wil ons die leërmag, al die hulpbronne tot ons beskikking gebruik om ons teëstander sommer uit die pad te vee. Ja sal ons selfs nie eers die geloof ontsien om ons wil te kry nie. Kom ons meet ons optrede en veral ons gedagtes oor ons verhoudings met mekaar aan vers 19. Want dalk is daar iets wat moet verander wanneer ons ook weer uit grendelstaat uit beweeg.

2. Vra na die wil van die Here.

Die eerste gedeelte van ons teksvers behels David se aanmoediging aan Saul om 'n offer aan die Here te bring. Maar hierdie offer het 'n spesifieke doel. Ja, ons weet dat offers en die woord daarvoor in die antieke omgewing die doel het om geskenke te gee. Spesifieke geskenke van 'n belangriker persoon, waarskynlik om guns te wen.

Maar met die offers wat voorgeskryf word deur die Here vir die volk is daar ook soms 'n ander sy. Dit dien as versoening vir sondes. Maar ook in sommige gevalle om na die wil van die Here te vra. Om dit beter te verstaan verbind ons die spysoffer in ons teks vers aan die spysoffer van jaloersheid in Numeri 5. In Numeri 5 word die ritueel beskryf waardeer 'n vrou moes gaan wat van ontrouheid verdink is.

In vers numeri 5:18 staan die volgende: "[18]Daarna moet die priester die vrou voor die aangesig van die Here stel en die hare van die vrou losmaak, en hy moet die gedenkoffer op haar hande sit—'n spysoffer van jaloersheid is dit; en in die hand van die priester moet daar wees die water van bitter smart wat die vloek bring." Ons weet dat wanneer die vrou hierdie water drink en dit maak haar onvrugbaar, dan is die oordeel van die Here oor haar gebring. Die wil van die Here geskied.

Dit is ook wat David vir Saul aanmoedig om te doen. Gaan vra na die wil van die Here. Kom hierdie haat en jaloesie van die Here af? Wat is werklik Sy wil met jou Saul, die gesalfde van die Here?

Dit is wat ons ook met daardie moeilike verhoudings moet doen. Ons moet ons intensies, ons besware duidelik voor die waarheid van die skrif bring. Is my haat of jaloesie die wil van die Here? Ook hier waar ons aan die anderkant van die ware gesalfde van die Here staan.

3. Mense wat tussen die Here en ander mense inkom.

Die tweede opsie aan Dawid se opdrag is baie meer direk negatief. As Saul se optrede nie gebore word uit die wil van die Here nie, wat bly dan oor? As dit nie die Here is nie dan is dit die mens. En die optrede in vers 1 deur die Siffiete lei ons nogal in hierdie rigting. Mense wat Saul aanpor vir Dawid te haat, te probeer dood maak.

Vir hierdie mense is die oordeel sommer duidelik. Hulle is vervloek voor die Here, want hulle staan juis in die pad van Dawid se diens aan die Here. Hulle staan in die pad van sy aanbidding en uitleef van sy roeping. So erg dat Dawid die woorde “Gaan dien vreemde gode” duidelik in hulle mond plaas in ons teksvers.

Die punt is hierdie mense is nie sommer onbelangrike gewone mense nie. Hulle is die leiers en regeerders van die land. Hulle moet die rigting vir mense aangee. So ook natuurlik Saul self. Hy is die gesalfde van die Here op hierdie stadium in die geskiedenis. Hy moet as koning die mens lei om die Here te dien. Daarom is die waarskuwing in Jakobus 3:1 net soveel aan Saul en die mense om hom gerig as aan ons vandag. My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word.

Het ons al daaraan gedink dat my optrede ’n mede broer of suster kan vervreem van die Here. Dat dit hom/haar dalk juis kan wegjaag van geloof en die kerk. Ek kan met my gesindheid en benadering as ’n ware letterlik tussen ’n ander persoon en die Here in beweeg. En duidelik uit ons teksvers en Jakobus 3 is dit heeltemal die verkeerde ding om te doen.

Daarom moet ek my verhoudings met ander mense ook gaan meet aan hierdie waarheid. Ek moet eintlik eerder mense se geloofslewe probeer bevorder as benadeel. Dit is immers ons almal se roeping as dissipels.

4. Die ware gesalfde is die offer

Ons het vroëer gepraat van die offer wanneer ons vra na die wil van die Here. Ons weet vandag vanuit ’n Nuwe Testamentiese oogpunt juis wat die offer beteken. Dit was simboliese van ons sondigheid wat weggeneem moet word voor ons voor die Here kan verskyn om na Sy wil te vra.

En dit is hier waar die ware gesalfde, juis uit die nageslag van Dawid alles kom verander het. Ons Here Jesus Christus is die ware ewige gesalfde van die Here. Dit waarop al die gesalfde konings van die Ou Testament gewys het. Maar die verskil is dat Hy ook waarlik God is, en daarom sonder enige sonde is. Daarom word Christus, die ware gesalfde uiteindelik die offer waardeur ons versoen word met die God die Vader. Waardeer ons Sy wil, Sy liefde vir ons duidelik geopenbaar sien.

Maar net soos in ons teksgedeelte is daar natuurlik ook hierdie daulistiese ervaring van die volmaakte offer aan die kruis. Soos ons duidelik weet uit 1 Petrus 2:7: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword” Daar is

mense wat die offer aanvaar. Maar ook baie wat die verwerp. Daar is mense wat vreemde gode dien.

Dit is die laaste waarheid waaraan ons ook ons verhoudings met mekaar meet. Is daar iets te sien van die genadige werking van die Verlossing in Jesus Christus te sien in my verhoudings. Of word my verhoudings geken deur ’n koue hartelose vergeldings mentaliteit.

Dawid kies vrede, Hy kies lewe in plaas van die dood van sy vyand. Hy weet dat die vredemakers geseënd is. Miskien is dit tyd dat ons verhoudings ook hierdie eienskappe begin openbaar.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit deur te fokus op die vers wat volg op ons teksvers. In vers 20 vra Dawid dat sy bloed tog nie ver van die hieligdom val nie. Dawid wil nie daar iewers in vreemde as vlugteling sterf nie. En dit is miskien iets wat juis nader aan ons kruip in die tyd waarin ons leef. Want nog nooit voorheen in die geskiedenis was die gevaar so groot dat ek afgesonder eenkant kant sterf nie. Dat my vriende en familie nie eers my begrafnis sal kan bywoon nie.

En juis daarom moet hierdie tyd ons weer laat besef watter seëning mede broers en susters in die geloof is. Hierdie tyd waarin die moeilik is om hierdie verhoudings in stand te hou, laat ons weer hierdie waarheid besef. Kom ons gebruik hierdie gawe wat die Here ons gee. En kom ons geniet ook hierdie warm gevoel van gemeenskap wat ons kan ervaar in die gemeenskap van die gelowiges.

Tog moet ons onthou dat wanneer daar ’n worsteling met die Here is, sal verhoudings met mense ook daaronder ly. As ek nie vrede met die Vader ervaar nie, sal ek ook nooit werklik vrede met my naaste kan hê nie. En ons weet dat vrede met die Vader net langs een weg verby loop. Verby die kruis op golgota. Daarom, ervaar weer vanoggend hou die Heilige Gees hierdie waarheid by jou inskerp. En kom ons gaan leef in vrede met die Vader en ons naaste, sodat ons ook werklik ’n seën vir ons gemeenskap kan wees. Werlik lig in die duisternis kan wees.

Amen